



Resensies / Reviews

- Postma, Stefanus, *vert.* 2008. **Kommentaar op die brief van Paulus aan die Romeine.** Bloemfontein: Handisa Media.
(*L. Floor*) 187
- d'Assonville, V.E. & Britz, R.M., *reds.* 2008. **Prompte et sincere: bereidwillig en opreg. Johannes Calvyn en die uitleg van die Woord van God.** (Acta theological supplementum, 10.) Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
(*J.G. Noëth*) 188
- Van der Walt, B.J. 2008. **Man and God: the transforming power of Biblical religion.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.
(*S. van der Merwe*) 191
- Van der Walt, B.J. 2008. **Anatomy of reformation: flashes and fragments of a reformational worldview.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.
(*A. Raath*) 195
- Maris, J.W. 2008. **De missie van een moeder.** Apeldoorn: Theologische Universiteit.
(*C.F.C. Coetzee*) 197
- Fokusresensies / Focus reviews**
- Packer, J.I. & Nystrom, C. 2008. **Om te bid: van plig na plesier.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*P. Venter*) 199
- Br. Lourens. 2008. **Raak bewus van God in die alledaagse.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*N.P. Heystek*) 202

Von Hörsten, Hein. 2008. Pad van die lewe. Wellington: Lux Verbi.BM. (<i>N.P. Heystek</i>)	204
Vergeer, Wim & Du Plooy, Jana. 2008. Dagboek van Dirk Postma. Krugersdorp: Wes Rand Office Services. (<i>P.H. Fick</i>)	206
Loubser, Sielie. 2000. Donkerbos verdwaal: belydenis van 'n depressielyer. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. (<i>G. Pretorius</i>)	207



Resensies / Reviews

Postma, Stefanus, vert. 2008. Kommentaar op die brief van Paulus aan die Romeine. Bloemfontein: Handisa Media. 368 p.
Prys: R150,00. ISBN: 978 0868 7748.

Resensent: L. Floor (Emeritus)
Departement Ou en Nuwe Testament
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Professor Fanus Postma het weens swak gesondheid vroeg afgestreef. Sy siekte het sy mobiliteit aangetas. In 'n klein vertrekke in die toringblok van Huis Eikelaan, Potchefstroom het hy soos 'n kluisenaar gelewe. Hy het egter nie gesit en treur nie, maar gebruik gemaak van 'n besondere gawe wat hy ontvang het: sy kennis van Latyn. Behalwe Calvyn se tweede brief aan die Korintiërs het hy ook alle briewe uit Latyn in Afrikaans vertaal. Die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studie in Bloemfontein het saam met die Calvyn Jubileum Boekefonds in Potchefstroom die publikasie van Postma se vertaling van die brief van Calvyn aan die Romeine moontlik gemaak. Die amptelike bekendstelling van hierdie boek het in Potchefstroom plaasgevind. Die boek is besonder mooi gedruk. Saam met die Afrikaanse vertaling is die Latynse teks bo elke perikoop opgeneem.

'n Uitvoerige inleiding tot die vertaling waarin Calvyn se metode van Skrifuitleg breedvoerig bespreek word, tesame met 'n beredenering van Paulus in die brief aan die Romeine, maak hierdie uitgawe besonder interessant.

Dit was 'n wyse besluit van prof. Postma om met die vertaling van Calvyn se brief aan die Romeine te begin. Nie alleen was hierdie kommentaar die eerste van Calvyn se kommentare nie, maar Calvyn se verklaring van hierdie brief was ook rigtinggewend ten opsigte van die metode van Skrifverklaring. Calvyn se hermeneutiek is onmiskenbaar in hierdie kommentaar te vind. Die reëls vir die verklaring van die Bybel moet primêr uit die Bybel opgespoor word. Prof. S. Greijdanus het in navolging van Calvyn gespreek van

“Schriftbeginselen ter Schiffverklaring”. Postma laat in sy vertaling ook duidelik blyk hoe Calvyn in sy verklaring telkens teruggryp op tekste uit die Ou en die Nuwe Testament. Daarom is hierdie vertaling ook besonder geskik vir Bybelstudie.

Wie byvoorbeeld probleme het met die kinderdoop kan met groot vrug kennis neem van Calvyn se verklaring van die vierde hoofstuk van sy brief aan die Romeine. Die eenheid van Ou en Nuwe Testament en die deurlopende lyn van kinderbesnydenis na kinderdoop kom besonder helder aan die lig (p. 114-117). In die gesprek met die charismatiese beweging is Calvyn se kommentaar op Romeine 12 van groot belang. Dit is die moeite werd om te lees hoe Calvyn die vraagstuk van “ontdek jou gawes” in hoofstuk 12:6 hanteer.

Dit is ook werd om kennis te neem van die oorspronklik Latynse teks van daardie vers. Calvyn skryf in sy kommentaar: “Considerare quid suae naturae, quid capi, quis vocationi conveniat”. Postma vertaal dit treffend met: “dat elkeen moet oorweeg wat by sy aard, sy bevatingsvermoë en sy roeping pas” (p. 303). Hierdie twee voorbeelde kan aangevul word, maar dit is genoeg bewys dat prof. Postma se vertaling van Calvyn se brief aan die Romeine ’n standaardwerk is wat met groot vrug gebruik kan word.

Hierdie boek word van harte aanbeveel. Die wens word uitgespreek dat die ander vertalings van Calvyn se Pauliniese briewe ook een of ander tyd die lig sal sien. Van hierdie pragtige uitgawe kan alleen maar gesê word: “Tolle lege: neem en lees”.

d’Assonville, V.E. & Britz, R.M., reds. 2008. **Prompte et sincere: bereidwillig en opreg. Johannes Calvyn en die uitleg van die Woord van God.** (Acta theological supplementum, 10.) Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. 149 p. Prys: R120,00. ISBN: 1015-8758.

Resensent: J.G. Noëth
Gereformeerde Kerk Naboomspruit

Nuwe publikasies oor die geskrifte en nalentenskap van Johannes Calvyn bly vir die gereformeerde leser, navorser en predikant altyd van belang. In hierdie publikasie vind ’n mens uitstaande navorsing saamgevat in agt verskillende referate deur Calvynkenners. Dié referate is almal gelewer tydens die *Sewende Suid Afrikaanse Calvynnavorsingskongres* wat in 2004 in Stellebosch gehou is. Onder die

redaksie van V.E. d'Assonville en R.M. Britz is hierdie referate noukeurig verwerk en gepubliseer.

Elkeen van die referate lewer sy eie bydrae tot die studie en navorsing van Calvyn en tog is die opmerklike lyn wat deurloop, *Johannes Calvyn en die Woord van God*, duidelik sigbaar.

In sy artikel fokus R.M. Britz op die begrip *armoede* in die *Institusie* van Calvyn. Hierdie artikel is besonder aktueel vir die konteks van armoede in Suid-Afrika, juis omdat Britz treffend aantoon hoe Calvyn armoede beoordeel in die lig van die Skrif en die Voorsienigheid van God. Die onderskeid tussen armoede en geestelike armoede kom ook sterk na vore. God is en bly teenwoordig – ook in armoede lei en begelei Hy.

C.F.C. Coetzee se artikel is getiteld, “Calvyn en die verskynsel van demonologie”. Hy dui self die aktualiteit van hierdie artikel aan deur daarop te wys dat daar ’n toename is in okkultisme, hekserie en ander vorme van demonologie in Europa en in Afrika. Calvyn se siening hieroor is veral belangrik, omdat hy gelewe en gewerk het in die “devil’s golden age”. Calvyn het inderdaad konkreet te doen gehad met verskynsels soos hekserie, bygeloof en towery. Coetzee wys op die uitsprake van Calvyn hieroor in sy *Institusie* en gee aandag aan Calvyn se standpunt oor hierdie sake soos blyk uit sy uitleg van die Woord van God. Coetzee vestig die aandag daarop dat Calvyn ons help om ons enigste effektiewe wapen, die Woord van God, reg te gebruik in die beoordeling en bestryding van demonologie.

’n Besondere bydrae tot hierdie publikasie word deur E.A. de Boer gelewer met sy navorsing oor Calvyn en die uitleg van die wet. Baie insiggewend is dat De Boer uitwys dat Calvyn se idee van harmoniekommentaar op Exodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium baie oorspronklik en uniek is in die geskiedenis van eksegetese.

S.J. Han ondersoek Calvyn se gebruik van Augustinus. Hy wys daarop dat daar geen twyfel is dat Calvyn in ’n groot mate deur Augustinus in sy denke en argumente beïnvloed is nie. Han dui aan dat die invloed van die kerkvaders op Calvyn in ’n groot mate onderskat word. Augustinus het volgens hierdie artikel die grootste invloed van almal op Calvyn uitgeoefen, alhoewel hy nie die menings van Augustinus slaafs nagevolg het nie. Hy het Augustinus beoordeel, krities hanteer en waardeer.

In sy artikel lewer E. Kayayan insiggewende navorsing wat handel oor Calvyn se verstaan van die *Modus operandi* van die Heilige Gees in die lewe van die gelowiges in die lig van die voorwoord van sy kommentaar op Psalms. Inderdaad 'n bydrae wat literêr-hermeneutiese insigte met teologiese vraagstukke kombineer.

W.H Neuser lewer 'n bydrae oor Calvyn se uitleg van die Onse Vader. Deur die gebruik van verskeie primere bronne word die groei en ontwikkeling by Calvyn in die bid en verstaan van die Onse Vader aangetoon.

Calvyn se standpunt oor nie-Christelike Godsdienste word deur P.C. Potgieter ondersoek. In die konteks van die huidige Suid-Afrikaanse regering se godsdienstebeleid is hierdie artikel besonder aktueel. Potgieter wys daarop dat Calvyn se skriftelike nalatenskap bepaalde perspektiewe bied wat juis nou vir die teologie van fundamentele waarde kan wees. Duidelike riglyne is nodig vir die huidige teologiese debat oor die intrinsieke waarde van verskillende godsdienste as weë tot kennis van God. Die behoefte aan 'n goed-gefundeerde teologie van godsdienste kan, volgens Potgieter, nie ontken word nie. Daar is ook 'n dringende behoefte aan rigtingwysers vir allerlei praktiese vrae rondom die benadering van nie-Christelike gelowe en die aanhangers daarvan vanuit die Christendom. Die prinsipiële denke van Calvyn kan hierop lig werp. Calvyn handhaaf sy beginsels deur die *Sola Scriptura* en *Solus Christus* deurgaans te handhaaf. Calvyn wys godsdienste sonder Christus streng af en tog het hy 'n bewoënheid oor dié wat die Here Jesus nie as Verlosser ken nie. Hy pleit dat daar vir hulle bekering beywer word.

L.F. Schulze gee in sy studie aandag aan respek vir die liturgiese teks by Calvyn en Bach. Hy wys daarop dat dit vir sowel Calvyn as Bach gaan om die gewig en die voorrang van die Woord in die erediens. Vir Calvyn is die melodie in sy soberheid draer van die Woord; vir Bach is die melodie in sy figure "uitlegger" van die Woord. Hierdie artikel getuig van 'n besondere studie en dit is 'n besondere bydrae tot die publikasie.

Wat in hierdie publikasie by verskeie van die skrywers opval, is die hantering van primêre bronne. Die gepubliseerde referate getuig almal van goeie navorsing, goeie afronding en 'n deeglike bydrae tot die studie van Calvyn.

Die bedoeling van die redakteurs met *Prompte et sincere* is om 'n bydrae te lewer, ook in die wetenskaplik-teoretiese besinning, iets te laat blyk van die karakter van Calvyn: "Bereidwillig en opreg". In

hierdie doel slaag die publikasie volledig en dit kan met vrymoedigheid aanbeveel word vir elkeen wat ernstig is oor Calvyn, die uitleg van die Woord en nuwe reformatoriese navorsing. Die gesindheid van Calvyn, bereidwillig en opreg, word duidelik aangetoon in sy uitleg van die Woord van God.

Van der Walt, B.J. 2008. Man and God: the transforming power of Biblical religion. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. 520 p. Prys: R180,00. ISBN: 1-86822-270-5.

Resensent: S. van der Merwe
College ya Mojadi, Mafikeng

Hierdie is die tweede druk van die boek wat in 1997 verskyn het. Volgens die voorwoord is daar niks bygevoeg nie, en is dit slegs 'n herdruk. Die voorwoord verduidelik dat die doel van hierdie boek is om 'n leesbundel vir studente in die filosofie van godsdienste te wees. Die boek wil nie 'n volledige teksboek vir die filosofie van godsdienste wees nie, omdat die outeur self meld dat hy nie voldoende tyd gehad het om alles tot 'n hegte eenheid saam te voeg nie.

Dit is jammer dat die outeur nie kans gehad het om die boek te hersien, soos hy in sy voorwoord in 1997 beloof het nie. Dit alles doen egter geen afbreuk aan 'n baie bruikbare boek nie. Trouens, die feit dat dit eerder 'n leesbundel as 'n teksboek wil wees, laat ruimte vir die dosent en student om self wyer te lees en ook ander insigte te bekom. Dit laat ook ruimte vir akademiese vryheid en die akkommodering van studente wat reeds 'n goeie agtergrond van filosofie het, en diegene wat geen agtergrond het nie.

Die boek is in vier dele gedeel. Die eerste deel is verkennend van aard en gee 'n algemene inleiding tot die filosofie van godsdienste. Basiese inligting word gegee vir diegene wat begin met hierdie vakgebied. Die tweede deel is die fondasie waarin die basiese vertrekpunte van die reformatoriese filosofie van godsdienste bespreek word. Deel drie is 'n toepassing waarin die outeur die teorie van die voorgaande op sekere temas toespits en die konsekwensies van die prinsipiële uitgangspunte uitspel. Die laaste deel is in konfrontasie met ander perspektiewe vanuit die Bybelse perspektief.

Dit is dus duidelik dat die outeur nie bloot akademies met die onderwerp omgaan nie, maar telkens dit terugbring na die praktyk sodat

dit 'n verskil kan maak. Hy wil studente en lesers stimuleer om prakties volgens die Woord te leef, volgens die verlossingsgenade wat ons ontvang het. Die outeur stel dat hy steeds die Suid-Afrikaanse konteks in gedagte hou en dat hy nie die boek in teorie wil laat opgaan nie, maar dit prakties toepasbaar maak. Daarom versoek hy ook die dosent om aandag te gee aan werksopdragte wat die teorie prakties kan maak.

Wanneer die uitgangspunt en doel van die outeur in ag geneem word, is die boek geslaagd. Uit die aard van die onderwerp kan orals kritiek ingebring word, ander standpunte gestel word en alles beredeneer word. Die uitgangspunt moet egter in gedagte gehou word: 'n leesbundel vir studente om hulle 'n reformatoriese perspektief te gee op die filosofie van godsdienste, sodat hulle in staat is om nie net ander perspektiewe met 'n Bybelse perspektief te konfronteer nie, maar om ook tot Gods eer te leef. Hierin slaag die outeur na my mening baie goed. Hy is nugter en helder in sy denke en erken telkens dat wat hy hier gesê het, nie die laaste woord oor die onderwerp wil of kan wees nie. Nogtans laat hy nie die leser in die lug nie, maar gee baie duidelike Bybelse riglyne wat met groot vrug en vreugde gebruik kan word. Hy stimuleer ook die denke van die lesers om dieper te grawe.

Van der Walt begin die boek met enkele briewe wat kinders aan God geskryf het. Dit laat 'n mens opnuut besef watter voorreg dit is om soos 'n kindjie die koninkryk van God te aanvaar en daarin te lewe. Dit dien ook as waarskuwing dat ons versigtig moet wees om met ons baie kennis nie die eenvoudige te minag of nie meer raak te sien nie.

Die eerste deel wil basiese inligting gee om die student te help om hom-/haarself ten opsigte van hierdie studieveld te oriënteer. Konsepte word bespreek en dissiplines wat betrokke is word genoem met 'n verduideliking van die basiese begrippe van filosofie en godsdienste (*religion*). Verder gee hy aandag aan die karakter van religieuse taal en ook die verskeie pogings om die oorsprong van godsdienste op 'n funksionele wyse te verklaar. Hierdie gedeelte is maklik leesbaar en enige student wat nuut is in hierdie veld, sal dit maklik kan verteer en hom-/haarself verantwoord oor die kernsake wat genoem word.

Die tweede deel handel oor die fundamentele vertrekpunte vir 'n reformatoriese filosofie van godsdienste. Van der Walt bespreek die uniekheid van die Bybelse geloof teenoor al die ander godsdienste. Uiteraard is daar aandag gegee aan die openbaring van God en die

verstaan en interpretasie daarvan. Hy bespreek ook die reformatoriese ontologie wat net so noodsaaklik is soos 'n Bybelse wêreldbeskouing as bousteen vir die reformatoriese filosofie van godsdienste. Hy gee gevolglik aandag aan die viervoudige verhouding waarin die mens staan: tot God, tot hom-/haarself, sy medemens en die natuur. Weereens is dit interessante en leesbare stof. Hy raak ook die vraag van godsdiensverskeidenheid, gelykheid en vryheid aan. Soos te verwagte, plaas hy dit alles in die teenswoordige tyd en maak dit prakties. Hy verwys nog na die PU vir CHO, en verdiskonteer nie die nuwere ontwikkeling van die NWU nie. God se openbaring is die basis vir ons godsdiens en ons moet die Bybel lees soos wat die Bybel homself aanbied. Hierdie deel is baie prakties en behoort van waarde te wees vir enige student. Hy skroom nie om die problematiek van die Bybel as kanon aan te sny nie. Hy plaas die wet van God in die regte perspektief. Dit alles bring hom tot 'n reformatoriese wêreldbeskouing waarin hy die mens se verhoudings bespreek en teen al die verkeerde houdings waarsku. Hy sluit af deur die liefde as norm vir al vier verhoudings uit te lig.

Die derde deel is die toepassing van dit wat reeds behandel is. Die volgende temas word bespreek: hoe kan ek die wil van God te wete kom vir my lewe; die probleem van kwaad; wat om te dink van wonderwerke en hoe om God se teenwoordigheid in die wêreld vandag te begryp. Hy gee aandag aan die noodsaak om altyd in die kerk te reformeer. Voorts praat hy oor die rol van godsdiens ten opsigte van politieke, ekonomiese en sosiale vernuwing. Dit sou ontrou aan die outeur se aard wees indien hy nie ook die Christen se verantwoordelikheid ten opsigte van die politiek en onderwys bespreek nie. Dit maak die boek baie bruikbaar, omdat die praktiese konsekwensie van die Bybelse uitgangspunte telkens helder en duidelik uitgelig word. Om Christen te wees, is om betrokke te wees vanuit jou Bybelse fondasie en getuie te wees van dit wat God in hierdie lewe wil. Sy bespreking van hierdie temas is Bybels-begronde en gebalanseerd. Dit motiveer jou as Christen om betrokke te wees en leer die student hoe om Bybels te dink.

Die laaste gedeelte van die boek handel oor konfrontasie. Die leser/student word uitgedaag om ander perspektiewe met die Bybelse perspektief te konfronteer. Van der Walt gee aandag aan afgode, natuurlike teologie, die verhouding tussen geloof en rede, ideologie as vervanging van ware godsdiens en die gevaar van sekularisme. Hy is volledig sonder om langdradig te wees, soos wat 'n teksboek vir 'n student moet wees. Die boek is dus hanteerbaar vir diegene wat vinnig 'n oorsig met diepte oor 'n onderwerp wil kry. Sonder die

bespreking van die *New Age*-beweging sou die boek onvoltooid gewees het. Hy gee ook aandag daaraan hoe om kulturele diversiteit in die lig van die Bybel te beoordeel. Sy liefde vir Afrika en die bevryding van tradisionele Afrika deur die evangelie, word in diepte bespreek. Hy vra of pluralistiese godsdienstige verdraagsaamheid nie tot imperialistiese tirannie gaan lei nie. Hy sluit dié deel en die boek af deur krities die verskillende tipes Christelike spiritualiteit te bespreek.

By die deurlees van die boek, is die sentrale tema duidelik: die mens is verantwoordelik en deur God Drie-enig toegerus om 'n wesenlike verskil in hierdie wêreld te maak. Jy is geroep om in 'n lewende verhouding met God Drie-enig sy skepping te bewerk en te bewaak. Die outeur gryp in latere hoofstukke terug na vroeëre hoofstukke en stellings. Dit help die leser om die geheelbeeld te kry, maar dit is ook waardevol sodat elke hoofstuk op sy eie kan staan met genoeg verwysing na die ander. Daarom is dit enersyds 'n waardevolle teksboek, maar andersyds ook 'n waardevolle leesbundel waaruit die dosent kan kies wat hy/sy graag wil hanteer.

Die skrywer is onbeskaamd Christen sonder om sy opinie op ander af te dwing. Hy is eerlik oor die foute wat in die verlede gemaak is in die naam van die Christendom en waarsku telkens daarteen. Hy erken die foute van die verlede toe mense gedwing is om tot geloof te kom, byvoorbeeld die kruistogte en verskeie moderne weergawes waar mag misbruik is om ander te dwing. Tog erken hy die uniekheid van die Christendom en ontbloot die ideologieë soos dit deur die tyd ontwikkel het. Dit is 'n dik boek wat dalk 'n probleem kan gee met sy bindwerk wanneer dit baie gebruik word – die boek moet baie gebruik word, omdat dit suiwer reformatoriese beginsels deurgee wat die enigste oplossing vir die huidige krisis in die wêreld en vir Afrika is. Indien die Christene van Afrika dit wat in die boek geleer is uitleef, sal hulle 'n wesenlike impak maak op die sosiale en politieke lewe in Afrika en sal dit hoop gee vir Afrika.

Ek het baie waardering vir die outeur se nederigheid en volgehoue verkondiging van dit wat hy glo God aan ons in sy Woord openbaar. Deur die boek roep hy elke Christen op om erns te maak met sy goddelike roeping om die sout en die lig van die aarde te wees. Hy sê ook hoe dit moet gebeur en voorsien praktiese riglyne. Ek beveel die boek van harte aan as teksboek, as leesbundel, maar ook vir elke gelowige wat erns maak met sy roeping hier op aarde. Dit verskaf noodsaaklike rigting vir die tyd waarin ons leef en ontleed die tyd sodat jy kan weet hoe om jou roeping uit te leef.

Van der Walt, B.J. 2008. Anatomy of reformation: flashes and fragments of a reformational worldview. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. 582 p. Price: R170,00. ISBN: 1 86822 036 2.

Reviewer: A. Raath
Department of Constitutional Law and Philosophy of
Law, University of the Free State

Bennie van der Walt's publications on the Reformation and the practical implications of reformational thought cover an extensive body of literature. The popularity of his work testifies to his ability to formulate his thoughts clearly and systematically. This work is no exception. The fact that this work is re-issued for the third time since 1981 confirms his standing as a reformational author of importance in our country. However, considering the merits of this book, it could legitimately be asked whether it is justified to republish a work originally compiled of speeches and articles in magazines and other publications now for the third time since 1981. This question loomed at the back of my head whilst reading through the work in more detail. An honest answer to this question demands from the reader a thorough consideration of the contents, an evaluation of the merits of the work, a critical consideration of the points of departure of the work and identifying the possible target readers of the book.

In effect the book is a reprint of the previous (1991) edition of the book. Even the Preface is exactly the same as that of the 1991 edition. It has to be noted, however, that both the 1991 and 2008 editions differ from the first edition of 1981 in certain respects. The first edition of 1981 for example, contained a chapter on the significance of the Biblical view of man for the pastorate (ch. 13), Paul Kruger's message for yesterday, today and tomorrow (ch. 14), and inter alia diverse chapters dealing with the battle of Blood River (ch. 15), the relevance to the black peoples of a Calvinistic cosmoscope (ch. 17), revolutionary warfare in Southern Africa (ch. 18), and reformation or revolution (ch. 20).

Already in the second edition of 1991 Van der Walt included chapters on John Huss (ch. 6), Ulrich Zwingli (ch. 7) and John Knox (ch. 8). Notably chapters on Luther, Calvin, Bullinger and other Reformers are absent from the work. In the Preface the author justifies his selection of Huss, Zwingli and Knox only by stating that these three figures are included because readers are not "so well acquainted" with them. This brings me to my first critical remark concerning the work: the problem with a reprint of a work of this nature

over such a long period of time tends to lose track of the deterioration of the basic *corpus* of knowledge extant on the Reformation – there is no justification for the view that other reformers are better known in our time than those discussed by Van der Walt. A complete new chapter (or section) on the history of the Reformation in Europe (and elsewhere in the world) would have improved the scope and tenure of the work substantially. Furthermore, the original chapter on Paul Kruger in the first edition could have been rewritten to give a more extensive overview of the impact of the Reformation in our own country. In addition, it is a pity that Van der Walt's superficial and prejudiced treatment of Luther since the first edition, through the second, to the 2008 reprint, excludes a chapter on the founding work of Luther at the advent of the Reformation.

The second concern is that the work has lost some of its original appeal given the changed socio-political and economic conditions in our country. For example the section on Christianity and apartheid has been retained whilst virtually nothing is said about nepotism, moral degeneration and violence currently ravaging our society.

My third concern is situated in the fact that Van der Walt – being a self-confessed “Calvinist” – does not engage substantively with or give the credit due to other Reformed traditions. The result is oversimplification of aspects of the Reformation as a whole and the contributions of specific reformers in particular. His efforts at classifying Lutheranism, Calvinism, Zwinglianism and Anabaptism with regard to their views on Christian involvement in the world give clearly testimony as to the author's lack of in-depth understanding and knowledge of the views of reformers besides Calvin. For example, to classify Luther with one sweep of the pen as a Reformer who maintained the fundamental opposition between faith and reason is to say the least, not true.

Enough said about my concerns regarding the contents. Who are the readers aimed at by Van der Walt? In addition to students, preachers and laymen, even academics will find the book useful as an introduction to the basic tenets of Christian reformed thought in a number of areas. Although not all chapters contain bibliographies, those that do, provide the interested reader with valuable references to secondary materials.

To answer the initial question whether it is justified to re-issue this book, the answer is “yes”, provided the work is consulted with a critical eye and an open mind. From my personal experience with

Bennie van der Walt I think he would be the first to welcome discourse and debate on his work.

Maris, J.W. 2008. **De missie van een moeder.** Apeldoorn: Theologische Universiteit. 41 p. Prys: €7,50. ISBN: 978-90-75847-23-9. (Apeldoornse Studies, no. 50.)

Resensent: C.F.C. Coetzee
Departement Dogmatologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit.

Prof. Hans Maris het aan die einde van 2007 afgetree as hoogleraar aan die Theologische Universiteit te Apeldoorn. By geleentheid van sy afskeid op 25 Januarie 2008 het hy 'n kollege aangebied met die titel, "De missie van een moeder". Hierdie afskeidskollege is in uitgebreide vorm gepubliseer in die reeks, *Apeldoornse studies*.

Die skrywer fokus op 'n bepaalde aspek wat die ekklesiologie en die praktyk van kerkwees in die huidige tyd raak. Dit gaan naamlik oor die verhouding tussen die kerk se uitlewing van haar missionêre roeping en die versorging van haar eie lidmate. Maris koppel sy studie aan 'n praktiese probleem wat in hierdie opsig na vore gekom het by die bekende Willow Creek evangeliseringsaksie. Maris stel dit dan ook baie duidelik as een van sy doelstellings dat dogmatiese teologiese besinning nie maar 'n stuk verstandsgimnastiek mag wees nie, maar van betekenis moet wees vir die lewe van die kerk.

Ten einde 'n antwoord te bied op die aktuele problematiek, ontgin Maris die beeld (begrip) van die kerk as moeder. Alhoewel daar in die loop van die geskiedenis reeds baie oor hierdie saak geskryf is, word dit tog deur Maris op 'n aktuele en vars manier aangepak.

Na 'n inleidende hoofstuk waarin die agtergrond en motivering vir die keuse van die onderwerp gegee word, fokus hoofstuk 2 op die Bybelse agtergrond of grondslag. Hier word veral aandag gegee aan Galasiërs 4:26 en Psalm 87. Wat Galasiërs 4 betref, val die klem op die moederskap van die hemelse Jerusalem wat juis hier op aarde herkenbaar is waar gelowiges leef uit die evangelie wat hulle vrygemaak het. Dit gaan dus om die grondslag van die identiteit van die gelowiges. In Psalm 87 word dit duidelik dat die kerk nie los van die Here bestaan nie; dat die realiteit van die kerk in die geheel vervul is in die werk van Christus en dat die liefde tot God en sy kerk in een asem genoem word. Dit is verder opmerklik dat reeds in Psalm 87

die klem nie net op Israel val nie, maar die perspektief oopgaan na die volke. Samevattend kan uit die Bybelse gegewens in die lig van die moedermotief 'n drietal aspekte van die kerk onderskei word:

- Die kerk is sterk gerig op God en aangewese op sy heil.
- Die kerk is gerig op diegene wat aan die kerk behoort en ten opsigte van wie die kerk pastorale verantwoordelikheid dra.
- Die kerk is gerig op diegene wat nog buite die kring van God se liefde in Christus woon.

Hierdie drie aspekte, naamlik die teologiese, pastorale en missio-nêre, is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

Vervolgens word 'n hoofstuk gewy aan die beklemtoning wat die begrip van die kerk as moeder in die geskiedenis van kerk en teologie ontvang het. By die Vroeë Kerk speel die gesag van die kerk in die handhawing van die suiwere leer 'n belangrike rol. Die uitdrukking wat later ook deur Calvyn gebruik is, kom van Ciprianus, dat diegene wat die kerk nie as moeder het nie, God nie as Vader kan hê nie. Augustinus wil die wese van die kerk, en daarmee haar moederlike kwaliteit, veral inhoudelik bepaal. By Rome val die klem op die mag van die kerk as instituut en die onfeilbaarheid van die Pous. By Rome is die kerk bepalend vir die leer. By die Reformasie is die leer bepalend vir die kerk. Vir die Reformasie is die kerk op geen ander manier moeder nie as deur die Woord. Dit gaan dus nie oor 'n status nie, maar oor 'n taak wat aan die kerk toevertrou is. Wat die na-reformatoriese teologie betref, kom Maris tot die konklusie dat die term in die Protestantse dogmatiese teologie nie 'n groot plek inneem nie. Hy verwys wel na Schilder vir wie die term "moederkerk" belangrik was vir die kriterium of die kerk "krachtens haar eienlijkste verrichting" naamlik die diens van Woord en sakramente "kinderen baren kan".

In 'n kort slothoofstuk word gefokus op die kerk as moeder in die gesekulariseerde samelewing. Maris stel dit onomwonde dat die kerk alleen haar roeping sal kan vervul wanneer sy volstrek aangewese is op die hemelse Jerusalem. Die misterie van die kerk lê in die verhoogde Christus wat sy versoeningswerk op aarde volbring het. Die moederlike funksie van die kerk is verder nie 'n afsonderlike eienskap naas die eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit nie. Uiteindelik is die doel van die moederlike funksie van die kerk alleen om kinders voort te bring. Deur prediking, kategeese en pastoraat sorg die kerk nie alleen vir die bestaande gemeente nie, maar

leef ook die missionêre bewoënhed met mense buite die kerk in 'n wêreld sonder God.

Die teologie moet die kerk ook hierin dien deur die suiwere leer te handhaaf sodat mense binne en buite die kerk nie met dwaling en "surrogaatvoeding" gevoed word nie. Die publikasie lewer 'n duidelike Skrifgefundeerde en histories verantwoorde perspektief op die roeping van die kerk in ons tyd, en word van harte aanbeveel.

Fokusresensies

Packer, J.I. & Nystrom, C. 2008. Om te bid: van plig na plesier.
Wellington: Lux Verbi.BM. 320 p. Prys: R139,95.
ISBN: 978 07963 06371.

Resensent: P. Venter
Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Hierdie publikasie is 'n vertaalde werk met die oorspronklike titel, *Praying: finding our way through duty to delight*. Die boek handel oor die gebedslewe van 'n gelowige en is daarop gerig om die leser te help om tot 'n beter verstaan te kom van wie God is, wat gebed is en hoe 'n mens behoort te bid. Die boek wil die gelowige help om in sy/haar gebedslewe en verhouding met God te groei.

Dit is aanprysenswaardig dat die skrywers nie verskoning maak vir die feit dat die stof wat hulle aanbied nie bedoel is as 'n kitsoplossing tot 'n inniger gebedslewe nie, maar as inligting wat die leser moet deurwerk, verwerk en uiteindelik in sy/haar verhouding met God moet deurleef. Dit is 'n vars en Skriftuurlike benadering in teenstelling met die vele publikasie op boekwinkelrakke wat wil voorgee dat 'n mens se gebedslewe met 'n kitsoplossing opgekikker kan word. Die boek bied 'n drievoudige sleutel vir gevoelvolle, betekenisvolle en verrykende realisme in gebed: in die eerste plek 'n duidelike aanvaarding (voorstelling) van die bestaan van God; tweedens 'n aanhoudende gebedsbeoefening in die teenwoordigheid van God; en derdens 'n aanhoudende strewe om God elke dag te verbly. Dit gaan dus oor liefde vir God, vreugde aan God en verheerliking van God.

In die eerste hoofstuk word die fokus op die regte verstaan van God geplaas. Gebed gaan om 'n lewende verhouding met God en as die

leser nie verstaan wie God is nie, kan hy nie groei en verdiep in sy gebedslewe nie. God word geteken as 'n persoonlike God wat in 'n persoonlike verhouding met elkeen van sy kinders leef. Hy word tweedens beskryf as 'n meervoudige God wat in sy Drie-enige bestaan in verhouding met mense tree. Derdens word God as volmaak beskryf wat die volmaakte antwoord op elke gebed gee. Vierdens word God as magtig beskryf. Hy is alvermoënd, alomteenwoordig en alwetend en kan dus elke gebed verhoor. Vyfdens word God as doelgerig voorgestel. Hy het 'n plan met elke gelowige se lewe en die verhoring van gebede val binne God se plan met my lewe. God word in die sesde plek as getrou geteken. Hy kom sy beloftes na. Dit wat Hy belowe, sal Hy doen en dit vorm ook die basis van 'n gelowige se gebedsvertroue. In die sewende plek word God vaderlik voorgestel, wat die klem laat val op sy liefde en sorg en dat Hy die beste weet hoe om die leser se gebede te verhoor. Laastens word God as lofwaardig geteken, wat die aanbiddings- en lofprysingselemente van gebede beklemtoon.

In die tweede hoofstuk word op Skrifgetroue en praktiese wyse die regte en verkeerde paaie in 'n gelowige se gebedslewe aangetoon. Hoofstuk 3 handel oor meditasie wat as bepeinsing gedefinieer word. Hoofstukke 4 tot 7 gee leiding met betrekking tot die inhoud van 'n gelowige se gebede en in hoofstuk 8 word die leser aangemoedig om te volhard in gebed ten spyte van moeilike omstandighede. Die eenheid van die gemeenskap van gelowiges kom in hoofstuk 9 aan die orde. Die gelowiges se verantwoordelikheid om hierdie eenheid op te soek en te onderhou ook in gesamentlike gebedsgetuienis word sterk beklemtoon. In die laaste hoofstuk kom die belangrike saak van vertroue aan die orde. Die gebed van 'n gelowige het geen krag as dit nie gepaard gaan met volle vertroue in en oorgawe aan God nie.

Die boek bied ook 'n woord van vertroosting en aanmoediging aan gelowiges wat 'n "windstilte" in hulle gebede beleef en verskaf handige studiemateriaal om jouself verder in die onderwerp te verdiep.

Hierdie publikasie kan baie sterk aanbeveel word vir gelowiges wat erns maak met hulle gebedslewe en die opregte begeerte het om daarin te groei. Die feit dat gebed plig inhou, word tereg beklemtoon en daar word goeie leiding gegee oor hoe hierdie plig op Skrifgetroue manier volvoer moet word. Gebedsvreugde word nie by wyse van 'n kitsoplossing aangebied nie, maar deur volhardende gebedslewe ervaar die gelowige die vreugde en heerlikheid van 'n innige gemeenskap met God.

Die hoofstuk oor meditasie vra na meer kritiese bespreking. Alhoewel die skrywers baie moeite doen om te beklemtoon dat hulle met die term *meditasie* glad nie bedoel wat gewoonlik in terme van Oosterse gelowe daarmee bedoel word nie. Hulle sien meditasie as bepeinsing, as nadenke oor God aan die hand van die Skrif. Meditasie is gefokusde denke oor wat God oor Homself in die Skrif openbaar om sodoende tot 'n beter verstaan van sy wil te kom. Tereg word op verskeie Skrifgedeeltes gewys waar gelowiges se nadenke oor God hulle in 'n beter verhouding met God gestel het.

Tog ontkom die skrywers nie aan iets van 'n onskriftuurlike skeiding tussen God en mens wat by wyse van meditasie oorbrug word nie. In die beskrywing van Skriftuurlike meditasie word baie klem gelê op nadenke “in teenwoordigheid van God”. Die vraag kan gevra word: wanneer is ek dan nie in teenwoordigheid van die Here nie? Daar word ook gesê dat die gelowige “wat dit regkry om in teenwoordigheid van God te mediteer”, 'n stappie vooruit is. Dit skep die idee dat net sommige mense dit kan regkry en ander nie, terwyl God duidelik in sy Woord sê dat wie Hom soek, Hom sal vind en wie klop, vir Hom sal oopgemaak word. Dit kan dus by die leser die idee laat dat meditasie iets beters as gebed bied, terwyl die bedoeling sekerlik is dat nadenke oor God jou uiteindelik tot gebed lei en dat gebed jou oor God laat nadink. Die een lei na die ander en die twee staan nie teenoor mekaar nie.

Ten spyte van bogenoemde kritiek gee hierdie hoofstuk oor meditasie tog aan die leser waardevolle leiding met betrekking tot gefokusde lees van die Skrif, doelbewuste nadenke oor wat God openbaar sodat dit uiteindelik lei tot 'n verrykte gebedslewe. Wie deur hierdie publikasie gewerk het, sal werklik verryk voel en meer insig hê in wie God is en hoe gelowiges behoort te bid om vreugdevolle en innige gemeenskap met Hom te geniet.

Br. Lourens. 2008. Raak bewus van God in die alledaagse.

Wellington: Lux Verbi.BM. 160 p. Prys: R109,95.

ISBN: 978 07963 0631 9.

Resensent: N.P. Heystek (Emeritus)
Gereformeerde Kerk Wapadrand

Bovermelde boek is 'n vertaling deur Die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit van *The practice of the presence of God* wat in 1985 gedruk is deur Paraclete Press, VSA.

Broeder Lourens wat as outeur vermeld word, neem ons byna 400 jaar terug na die lewe van Nicolas Herman (1611-1691), gebore in die Franse dorpie Herimenil. Nadat hy in sy jeug twee oorlogservarings deurgemaak het, het hy besluit om hom daarvan te distansieer. Hy het by 'n klooster van die Ongeskoeide Karmelitiese Orde aangesluit. *Ongeskoeid* beteken kaalvoet, ter wille van eenvoud (soms is sandale tog wel gedra).

Diegene wat in vermelde kloosters toegelaat is, het nuwe name ontvang. So het Nicolas Herman, *Lourens van die Opstanding*, geword. Vandaar die benaming: *Br. Lourens*.

Die kloosterreëls van die Ongeskoeide Karmelitiese Orde was baie nougeset met die bedoeling om dissipline, nederigheid, volharing, selfverloëning, selfbeheersing en ander deugde tot die uiterste te ontwikkel. In die kloosters met hulle streng rangordes was dikwels min liefde en genade aan die minderes betoon. So het *br. Lourens* dit ook ervaar.

Hy kon egter daarin slaag om te midde van al die reëls en kil opdragte, God te vind en sy lewe in kragtige geloof, hoop en liefde met God en sy naaste te leef. Dit het sy nagedagtenis verseker. Hy het sy insigte van die Christelike waardes en die uitleef daarvan opgeteken in briewe, gespreksdokumente en 'n geskrif getitel *Geestelike lewensreëls*, wat eers na sy dood ontdek is.

Wat laat 'n persoon en sy geestelike nalatenskap 400 jaar oorleef? Waarskynlik omdat *br. Lourens* daarin kon slaag om in 'n liefdelose en klipharde kloosterlewe tog sy God te vind, en iets uit te straal van die liefde en genade van God wat aan hom geskenk was. Ander het hom hierin beny. Hy was vir duisende in dieselfde omstandighede 'n rolmodel. Daarom is sy motiewe, dryfkragte, insigte en wysheid vir ander opgeteken.

'n Interessante feit is dat, volgens die uitgewers, dit juis protestante is wat graag die leer en lewe van br. Lourens lees om inspirasie daaruit te put. Daarom is hierdie boekie, met sy diep Roomse inslag, onder andere aan die redaksie van *In die Skriflig* gestuur.

Kan br. Lourens werklik as model vir ons as gereformeerdes dien? Is dit moontlik dat hierdie monnik wat so dikwels gekniel het by die *altaar* en die *brood wat verander het in Christus* (na sy oortuiging: p. 44), ons die regte pad wys? Behoort ons, soos hy, by 'n beeld van *Maria* (p. 32, moeder van Jesus) ons eintlike krag te gaan soek?

Dis vir my ondenkbaar dat 'n boekie soos hierdie vir enigeen die pad na intieme gemeenskap met en 'n lewe uit God kan lei. Br. Lourens was nie 'n ywerige student of teoloog nie. Die natuur (p. 42) was vir hom die beste openbaring van God en hy het voorkeur aan die vier evangelies in die Bybel gegee (p. 140). Dit skyn asof hy die lewe met die Heilige Gees nie geken het nie, want die Heilige Gees word nêrens vermeld of geïmpliseer nie. Hy weet ook nie van die suiwer sakramentsbediening (doop en nagmaal) as kragtige instrumente wat die Gees gebruik om ons met God te verenig en ons te vernuwe nie.

Hierdie boek plaas egter die groot vraag op die tafel: Hoe is ek één met God? Hoe beoefen ek gemeenskap met God elke oomblik van elke dag? Hoe versterk en lei God my? Hoe oorwin ek my eie vlees, die bose en die sondige wêreld?

Die antwoord behoort te wees: Ons oorwinning lê alleen in Jesus Christus en die Heilige Gees wat in ons kom woon het en ons in gemeenskap van die Vader stel. Hierdeur word ons in staat gestel om bevrydend en godvrugtig te lewe. Br. Lourens erken Christus wel as sy Redder en Verlosser. Maar daar is soveel meer wat ons in en saam met Christus ontvang het as wat br. Lourens aandui (vgl. Joh. 14-16; Rom. 8; 2 Tim. 1, e.a.).

Alhoewel die boek die baie belangrike saak van ons eenheid en lewe met God na vore bring, bevat die *weg* (Joh. 14:6) wat hy voorstel soms net halwe waarhede en lei dit dikwels op 'n verdwaalpad. Om bogenoemde redes behoort die boek krities gelees te word. Die doel van die boek is belangrik, goeie praktiese wenke word gegee, maar die pad na ware Godsgemeenskap en diens aan God en sy koninkryk, word gemis.

Vir goed ingeligtes kan dit egter 'n interessante boek wees wat die E17-kloosterlewe vir ons oopmaak en ons die geestelike stryd van monnike laat sien.

Von Hörsten, Hein. 2008. **Pad van die lewe.** Wellington: Lux Verbi.BM. 159 p. Prys: R99,95. ISBN: 978 07963 748 4.

Resensent: N.P. Heystek (Emeritus)
Gereformeerde Kerk Wapadrand

Hein von Hörsten was vir die eerste dertien jaar van sy beroepslewe 'n onderwyser. In hierdie tyd verwerf hy deur die Andrews-Universiteit (VSA) die B.Th.- en M.Th.-grade. Hy is tans betrokke by pastorale bediening aan medici in Suid-Afrika.

Von Hörsten is 'n besondere natuurliefhebber en het op internasionale vlak bekendheid verwerf met sy (natuur)fotografie. Hy tree wêreldwyd as motiveringspreker op, maar koester veral 'n groot liefde vir die Afrikaanse taal en skryfkuns. Sy gesin geniet hoë prioriteit in sy lewe. Hierdie genoemde drie aspekte, naas Woordbediening, staan voorop in die boek.

Watter plek wil hierdie boek inneem? Hoe sal ons die geestelike en praktiese waarde daarvan beskryf vir ons eie lewensreis? Word die mark nie oorstroom met boeke wat hierdie nis probeer vul nie?

By die lees van die eerste paar hoofstukke was ek oortuig dat ons hier weer te doen het met een van die America-dream-geïnspireerde-boeke. Die *sukses-teologie* in volle glorie! Alles eindig elke keer net te wonderlik om waar te wees. Ons weet egter in die werklike lewe is dit nie so nie. Donker wolke en weerligstrale verdwyn nie sommer so of word nie telkens omgekeer tot sagte doudruppels nie. Inteendeel, pragtige graanbedekte lande word platgeslaan en vrugteboorde kaalgestroop. Donderwolke en storms vernietig meestal, dit verarm, bring dood, pyn en tranes.

Natuurlik vind wonders ook plaas. Soms bewerk God magtige uitkomst vir mens en die natuur. Maar die werklikheid van terugkerende mislukkings, verydelings en verliese kan nie ontken of ontsnap word nie. Soms loop ons lewenspad net dood, ons word verlam, vermoor, ons kwyn en degenerer en ons raak insolvent en verloor alles wat ons besit. Wat maak ons dan?

Die boek beslaan sestien hoofstukke. Ons kan veertien van hierdie hoofstukke konkrete paaie noem wat die skrywer alleen of saam met sy dierbares (gesinslede) gestap het. Daar is veertien histories-reële paaie in die boek. Dit is juis hierdie feit wat van die boek iets besonder maak. Dit is nie fiksie nie, maar die werklikheid. Die skrywer is vlees en bloed soos ek en jy en 'n mens kan met hom identifiseer.

Daar is ook twee hoofstukke wat Von Hörsten saam met God deur 'n Bybelgedeelte stap (bv. *Die pad na Moria*; p. 48-60 en *Verby Kanaän se horison*; p. 129-134). Hierdie twee hoofstukke kwalifiseer as preke, Skrifuitleg en toepassings. Dit is twee preke met pragtige perspektiewe wat diep aangryp.

Ek moet dadelik noem dat my vrese vir die boek oor *sukses-teologie* spoedig verdwyn het. Die boek is Bybels-teologies goed gebalanseerd en volkome nugter. Die eerste helfte beskryf wonderlike reële uitkomst of suksesverhale, terwyl die tweede helfte ons vierkantig binne ons kontinue gebroke bestaan plaas.

Dit is soos die lewe is: daar is die twee groot werklikhede. Aan die een kant glo ons, hoop en verwag ons wonderlike uitkomst in ons teleurstellings, twyfel en vrese en op heerlike, genadevolle wyses word hierdie hoop telkens bevestig. God bring uitkomst en wonders gebeur telkens. Die skrywer wil ons leer om hierdie *wonders* in ons lewe raak te sien en daarvoor bly te wees en God te dank. So gesien, stem ons met die skrywer saam in sy *sukseshoofstukke*.

Die tweede helfte van die boek bevat die ander kant van die werklikheid waarin ons leef. Dit is hoofstukke waarin 'n *gebroke wêreld* sonder einde oor ons gaan. Hoe nou gemaak? Hier wil die skrywer ons leer om steeds ons pad met God in blydskap te loop. Ook in en uit teëspoede, teleurstellings en vrese word blydskap vir die kinders van God gebore. Ons moet aanhou en God se hand bly vashou, want God hou ons hand vas. Ons moet op die Here bly wag en die eindbestemming van ons lewe as gelowiges, in Christus deur die Heilige Gees, bly sien.

Ek wil die skrywer gelukwens met 'n baie nugter, teologies-gebalanseerde publikasie. Die skryfstyl is sprankelend, byderwets en vol humor. 'n Genot om te lees!

Hier en daar is Skrifverwysings effens meer op (woord)klank af, as werklik kontekstueel verantwoord. Dit is altyd 'n probleem wanneer die tema reeds vasstaan en 'n gepaste Skrifdeel daarna gevind

moet word. Daarom ook die aanwending van verskillende vertalings van die Bybel om (woord)ruimte vir die skrywer te skep.

Hierdie publikasie word heelhartig aanbeveel vir jonk en oud, leraars, onderwysers, kategete en veral gesinne. Dit is 'n boek wat God op 'n vars en betroubare wyse aan ons openbaar en ons leer hoe om ons eie pad met Hom in blydschap te stap.

Vergeer, Wim & Du Plooy, Jana. 2008. Dagboek van Dirk Postma. Krugersdorp: Wes Rand Office Services. 186 p.
Prys: R120,00. ISBN: 978-0-620-41227-8.

Resensent: P.H. Fick
Departement Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Dirk Postma is in 1858 deur die Christelik Afgeskeie Kerk in Nederland na Transvaal gestuur as hulp vir die "stamgenote" wat 'n groot tekort gehad het aan predikante. Uiteindelik neem hy leiding met die stigting van die Gereformeerde Kerk wat in Februarie 1859 van die Hervormde Kerk afskei en word ook die eerste predikant daarvan. Vanaf 21 Maart (toe hy van sy gemeente in Zwolle, Nederland, afskeid neem) tot 5 Julie 1890 (vyf maande voor sy dood) het hy dagboek gehou van die belangrikste momente in sy lewe. Hierdie dagboek bied, in die woorde van die outeurs, 'n besondere persoonlike perspektief op die omstandighede en gebeure wat tot die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gelei het. Dit bied ook 'n interessante insig in sy persoonlike lewe, die lewe en politiek in die Boererepublieke en die verdere uitbreiding van die Gereformeerde Kerk.

Benewens 'n Afrikaanse vertaling van hierdie dagboek, word die boek ingelei deur die lewensgeskiedenis van Postma voor sy koms na Suid-Afrika, 'n voëlvlug oor die algemene kerkgeskiedenis en 'n oorsig oor die kerklike omstandighede in Suid-Afrika tot 1858. Die dagboek word verlewendig en verryk met kerk- en kultuurhistoriese rubrieke wat van deeglike navorsing getuig. Daar word ook op 'n sinvolle manier en ruimskoots gebruik gemaak van illustrasies, hoewel net in swart en wit en ongelukkig nie altyd baie duidelik afgedruk nie.

Akademici wat hulle met geskiedenis en kerkgeskiedenis besig hou, besef die besondere waarde daarvan om gebruik te maak van

primêre bronne en om jou nie altyd net te verlaat op dit wat ander oor 'n bepaalde persoon of gebeurtenis gesê het nie. Hierdie bronne is egter nie altyd so geredelik beskikbaar nie en dit verg dikwels heelwat speurwerk om dit in persoonlike en openbare argiewe op te spoor. Die dagboek van Dirk Postma, wat in die argief van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bewaar word, is met hierdie publikasie geredelik beskikbaar gemaak vir navorsers en vir die nie-akademikus wat 'n belangstelling het in kerkgeskiedenis.

Hoewel 'n vertaling, het Vergeer tog daarin geslaag om Postma se segswyse te behou en waar daar noodgedwonge afgewyk moes word, is dit in voetnote verantwoord. Die grootste wins van hierdie werk is dat 'n mens insig kry in die persoonlike lewe van 'n man wat 'n groot rol gespeel het in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Dit is veral sy siening van "Christelike vroomheid", soos hy dit self (op p. 45) noem en die wyse hoe sy eie lewe daarvan getuig het, wat die leser hiervan opval. Die stempel wat hy vanuit hierdie lewensinstelling op die Gereformeerde Kerk afgedruk het, is 'n aspek wat in die geskiedskrywing nog aandag verdien.

Loubser, Sielie. 2000. **Donkerbos verdwaal: belydenis van 'n depressielyer.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 109 p. Prys: R69,95. ISBN: 973-1-86829-610-1.

Resensent: G. Pretorius
Kliniese sielkundige, Pretoria

Eintlik is elke mens 'n geslote boek, as hy nie self dit vir jou oopblaai op 'n plek en dit vir jou aangee om te lees nie.

Die metafoor uit hierdie aanhaling beskryf die effek wat albei partye ervaar in die worsteling met depressie. Daar word algemeen aanvaar dat depressie 'n alleen-siekte is. As ons vanuit 'n subjektiewe oogpunt daarna kyk, kan ons dit so beskryf. Depressie is egter nie 'n alleen-siekte nie, omdat dit nie net die persoon wat daaronder ly van die wêreld en mense om hulle laat terugtrek nie. Dit het ook tot gevolg dat dié wat die naaste aan hulle leef uit onbegrip en soms, uit onkunde, ook terugtrek en nie weet hoe om met die depressiewe persoon in verhouding te tree nie. Die waarde van *Donkerbos verdwaal* lê juis in hierdie ervaring van ander wat met die depressiewe persoon saamleef: dit gee stem aan die ervaring van 'n depressiewe persoon en wys vir die "buitestander" iets van die worstelstryd waarin so baie mense vasgevang leef.

Sielie Loubser slaag goed daarin om in mooi Afrikaans iets van haar eie ervaring van depressie en dié van ander uit te druk. Die boek is nie opgedeel in tradisionele hoofstukke nie, maar in kort stories of grepe uit haar ervaring en pad met depressie. Die stories poog nie om verklarings te soek vir depressie nie, maar beskryf eerder die proses waardeur mense met depressie worstel.

Die verhaal begin met die aanvang van haar eie pad met depressie en hoe sy besig is om in die bos in te gaan. Sy verweef haar herinnerings van ander wat haar pad gekruis het en ook verdwaal geraak het en nie weer hulle pad kon terugvind nie, met haar eie reis. Die verhaal eindig waar sy wel haar pad uit die bos kry. Dit het egter 'n wilsbesluit van haar kant gekos om dit weer te kon vind. Die aanvaarding en empatie van ander wat met wysheid en deernis in die proses langs haar kom staan het (gewoonlik dié wat ook deur soortgelyke worsteling gegaan het) tesame met haar keuse om na God te draai in haar soeke na heling, help haar om uiteindelik uit die bos te ontsnap.

Die verhaal is goed geskryf. Loubser beïndruk met haar keurige taalgebruik en die manier waarop sy poësie en beeldspraak gebruik om fynere nuanses vas te vang. Daar is al so baie oor depressie geskryf en gesê dat dit 'n mens laat wonder of nog iemand iets kan sê wat nog nie gesê is nie. Die outeur kry dit egter reg om haar belewenis in Afrikaans te beskryf en dit maak die boek uniek.

Alhoewel elke depressielyer se ervaring uniek is, sal baie daarby kan baat deur die boek te lees, omdat dit sekere “waarhede” bevat waarmee die meeste depressielyers sal kan identifiseer. Die belewenis om nie kans te sien vir enigiets nie, selfs nie eens die kleinste takie nie, is een van die algemene simptome wat met depressie gepaard gaan. Daarmee saam ook die gevoel van angs en skaamte dat hulle weet iets is fout, maar nie wil hê ander moet dit raaksien nie.

Twee soorte gehore behoort aanklank te vind by die boek en mag baat vind by die lees daarvan: diegene wat self aan depressie ly en diegene wat insig nodig het om te verstaan waardeur die depressielyer gaan. Die buitestander sal nie noodwendig identifiseer met die gevoelens of belewenis nie, maar wel 'n mate van insig kan kry en miskien ook wysheid om te verstaan dat dit nie altyd net 'n “keuse” is, soos baie dink nie. Ondersteuning, begrip en deernis wat lei tot aksie, hetsy deur te praat of fisies dinge te doen wat binne die persoon se vermoë is, is uiters belangrik. Een van die aspekte wat verlore gaan in die depressiewe persoon se leefwêreld is die

vermoë om betekenis en oorwinning te vind in die klein takies. Om te kan koffie maak, om net self 'n klein blommerangskikking aanmekaar te slaan, of selfs op eie stoom te gaan stap, is belangrik omdat dit die persoon "normaal" laat voel.

Depressielyers sal kan put uit Loubser se wysheid en kan identifiseer met die pyn en gevoel van onvermoë om uit die bos uit te kom. Die aanmoediging is wat haar laat besluit het om die depressie vierkantig in die oë te kyk en daardeur te worstel. Hierdie aspek is uiters belangrik. Depressie neem 'n persoon se "wil" weg. Alhoewel 'n mens verskeie soorte depressie kry, is dit belangrik dat die depressielyer sy/haar "wil-om-te-wil" sal ontwikkel en poog om maniere te kry om dit te versterk.

Depressie is ongelukkig onvoorspelbaar en die uitkoms nie noodwendig bemoedigend of positief nie. 'n Mens kan nie depressie se oorsake of verloop veralgemeen nie. Loubser poog juis om dit te benadruk deur ook ander se verhale te beskryf wat nie 'n gelukkige einde gehad het nie.

Die verhaal beskryf ook nie elke "tipe" depressie wat daar is nie. Wat waardevol is, is die manier waarop die verhaal 'n einde het wat die suggestie laat dat daar wel hoop vir depressielyers is. Alhoewel baie depressielyers 'n uitweg vind, is daar ook dié wat nie deur die depressie kan werk nie. Ander masker weer hulle lyding vir baie jare en dit lyk asof dit goed gaan, terwyl hulle elke dag bietjie vir bietjie sterf.

Sielie Loubser vat die reaksie van ander mense mooi vas. Depressie immobiliseer nie net die depressielyer self nie, maar ook diegene rondom hulle. Dit is gewoonlik vir mense wat nie daarmee worstel of self daardeur gegaan het nie baie moeilik om te verstaan wat depressie aan iemand doen. Sy kry dit mooi reg om ook vir familie en vriende te wys hoe moeilik dit is vir die depressielyer om vanuit die bos met ander te kan assosieer. Die boek behoort daarom vir vriende en familie van depressielyers insig te gee in die subjektiewe ervaring van die leefwêreld van die depressielyer.

'n Ander belangrike aspek wat die boek aanraak, is die angs wat baie depressielyers beleef. Tradisionele beskouings van depressie sluit nie angs as meegaande toestand in nie, maar as aparte, bykomende "siekte". My ervaring is egter dat angs 'n integrale deel van die belewenis van depressie is en dat dit nie as apart of losstaande gesien kan word nie, maar eerder bydraend daartoe. Die boek beskryf ook hierdie belewenis baie duidelik deurdat een van

die outeur se karaktereienskappe in spreektaal as “perfeksionisties” of iemand met “hoë standaarde” beskryf kan word. Haar angs spruit uit hierdie beskouing van haarself, maar ook hoedat ander daartoe bydra deur byna met onvergifnis van haar te verwag om die rol van predikantsvrou perfek te speel. Dit, gekoppel met haar eie karakter, is ’n resep vir verdere angs wat ook weer die depressie “aanhelp”. Wat dit egter verder kompliseer, is dat iemand met depressie nie die gevoelens behoort te vermy nie, maar dit eerder direk moet hanteer en terselfdertyd nie toelaat dat dit hom/haar passief maak nie. Die enigste pad is “deur die bos”.